Spogblad/Brag sheet 2003

Marita Teale van die Burger het op die 6e Junie 2003 geskryf:

..."Met haar eerste treë op die verhoog het sy reeds die gehoor in die palm van haar hand. Haar eerste trefferliedjie, "Kinders van die Wind", is nagenoeg 25 jaar steeds gewild. Dekades ná dié treffer het sy steeds 'n besonderse manier om 'n gehoor te bekoor met die karakters wat sy skilder... Die pas is vinnig, en wanneer 'n mens jou oë uitvee, staan jy saam met die gehoor en klap hande voordat jy huis toe ry met 'n kop vol liedjies soos "Lisa se Klavier" en "Stille Waters" ...

'n Aanhaling uit die Cape Argus op die 5e Junie 2003 klink so:

"The last time I had the privilege of listening to this majestic voice perform, was when Laurika Rauch teamed up with a few musos from the northern hemisphere and our own home-grown talents to do a show entitled "Ons Kruis Paaie" in Stellenbosch…What strikes one about this performance is not just its colossal feel but also its simplicity in set design, costumes and lighting. All four musicians are drssed in black and everyhing else on set with them is black and yet the colours were plentiful, bouncing off the walls like a rainbow, for the colours came from the performers – their voices that gel so wonderfully and the soothing sounds emanting from their musical instruments….The musicians working alongside her are so in tune with one another and she in turn is so in tune with them, that the years of experience as musicians working together is demonstrated at every turn…"

Ukkasie het gevolg en ek kan dit nie beter beskryf as die manier waarop dinge in die pers verloop het nie:

Uit die Beeld van 19 Julie 2003 skryf André Pretorius:

"Tog vreemd hoe 'n oorweldigende meerderheid mense hulle kan laat intimideer deur 'n negeerbare, maar luidrugtige minderheid. Daar sit ons by Ukkasie – seker meer as 1,000 mense (eintlik was dit nader aan 2,500) – en probeer luister na Laurika Rauch. Dis immers nie aldag wat sy in Londen sing nie. Maar hier links agter is 'n spannetjie van so 15 of 20 aan die gang.
En hulle kuier lékker. Heeldag in die son gesit en suip en nou kom ons vir Laurika luister. Maar nie net luister nie: nee, ons is hier vir 'n "gesprek" met haar. Dus besluit een om sy vlak van opvoeding ten toon te stel deur te balk: "Laurika, jy's vir my pragtig. As jy nie my ma was nie, was jy my meisie."
Elke keer as die akkoorde van 'n bekende liedjie opklink, begin die gespuis kliphard saamsing. Een staan later op en begin deur die saal steier terwyl hy luidkeels oor sy selfoon praat: "Nee, man, dis f. . .n lekker! Hoor jy nie hoe f. . . .n sing sy nie?"
Uiteindelik loop 'n meisie hom by en boender hom by die saal uit..."

En in die Beeld van 23 Julie 2003 sê Andries Vrey:

"Laurika Rauch het nie bloot 'n trefferprogram in Londen aangebied nie. Sy het deur die hele produksieproses gegaan en 'n vertoning sonder gelyke noukeuring uitgesoek, voorberei en aangebied. Ek kon met trots haar vertoning by Britse vriende aanbeveel sonder om verleë te voel oor die kwaliteit."

Laurika skryf: Ons het van geen sout of water van die gewoel daaronder geweet nie – dit was vir ons net te lekker om op 'n verhoog op te tree waar groot geeste soos die Beatles, die Stones, Bono, Madonna, Bowie – noem maar op – oor die jare ook opgetree het en ook die atmosfeer op te slurp van die bymekaarkoms van so baie Suid-Afrikaners wat in Londen woon.